# Storiesterre vir Klein Harte

## Sonstraaltjie se Eerste Werkie



ANNABEL LIVERSAGE





# Sonstraaltjie se Eerste Werkie

Sonstraaltjie word wakker op sy goue wolkie-bedjie.
In sy sagte wolkiesbed rek hy sy armpies uit, en gooi sy goue straaltjies hoog in die lug.
Hy is opgewonde en plesierig! Sy mond rek in 'n glimlag van oor tot oor.

Vandag is ’n groot dag; sy eerste
werkie!
Mamma Son het gesê:
“Liewekind, jy is nou groot genoeg;
om te help met daaglikse takies.
Die wêreld het lig en liefde nodig.”







Met ’n vrolike swaai, tol Sonstraaltjie
sy lysie in die lug rond. Al sy takies
vir die dag is netjies daarop geskryf.

In ’n huisie onder op die aarde, sit
Bettie regop in haar bed.
Haar krullebol staan soos ’n katjie
wat pas ’n haarbol uitgegooi het.





Sy het ’n nare droom gehad! Een van daardie drome wat stukkende modderspore oor jou hart trap. Sy voel bang... Sy fluister: “Jesus, help my.” Sy vra dat Hy die slegte drome sal wegvat en haar weer rustig maak.

Bettie besluit om vars lug te gaan soek.
Net toe sy by die deur uitstap, begin die sonnetjie loer van agter die berg.
Sonstraaltjie onthou:
“Dis altyd my eerste werkie van die dag!”
Hy glip vrolik oor die berg se rand, en dans oor boomtoppe en vensterbanke.







Bettie hoor die blare ritsel in die wind en voel dit koel oor haar wange streel.
Sy stap uit die koelte na die son. Dis heerlik, koesterend soos wanneer jou lewe in die skadu was en jy terugstap na Jesus: veilig, warm, vol lig...

Sonstraaltjie glimlag toe hy Bettie alleen op die koue gras sien, haar arms styf om haar lyf gevou.
Hy draai sy ligstraaltjies soos ’n warm kombersie om haar lyf. Bettie glimlag flou.
Hy sien haar pienk pantoffels is sopnat. Hy blaas en blaas totdat hulle weer droog is.










Sonstraaltjie het nou behoorlik uit sy skuilplek gekom.
Hy gooi ’n stralende oranje gesig oor die wêreld.
Sonstraaltjie dans tussen die bome se blare en laat die doudruppels soos sterretjies en kristalle glinster.

Nou moet hy aanstap Oupa en Ouma moet wakker word! Hy glip by hulle kamervenster in.
Binne rek Oupa uit en Ouma begin glimlag.





Sonstraaltjie huppel verder na sy volgende werkie.

Kinders buite die skool speel eenbeentjie en hy laat hulle skaduwees dans. Sonstraaltjie kan ook baie ondeund wees.
Soms verberg hy hom agter ’n boom en speel wegkruipertjie. Hulle frons, maar lag tog.







By die rolbalbaan is tannies en ooms
vandag maar stadig; totdat
Sonstraaltjie opdaag.
Skielik is daar energie, lag en gesels.

So huppel Sonstraaltjie heeldag
tussen mense, diere en geboue rond.
Hy doen elke werkie so goed as hy
kan.





Teen laatmiddag sak Sonnetjie agter Tafelberg.
Sonstraaltjie glimlag: “Ek het my beste gedoen.”

Hy waai met sy handjie totsiens tot môre.
Jesus hoef nooit te wonder of die son sal opkom nie.
Sy lig is getrou. Elke dag. Vir almal.

## Slotgedagte

Al is jou lig klein, gee dit vrylik.
Iemand se donker kan net wag vir jou straaltjie hoop.
Soos Sonstraaltjie, laat jou lig skyn warm, getrou en met liefde.
Sonnetjie, het sy eerste werkie vir Jesus mooi gedoen.
So moet ons ook elke dag alles wat ons doen, vir Jesus doen.



